
# BRANDPUNT FOTOKLUB NUUSBRIEF



**Fotograaf - Judy Joubert**

**Medaljewenner**

**Wes Kaap Salon 2025**



## Kontakbesonderhede

Bestuurslede:

Diane Goncalves - Voorsitster en Skakelbeampte - 073 160 4173

Jan Roos - Onder Voorsitter - 082 331 4506

Albertino Goncalves - Puntemeester en Salondirekteur - 083 376 2218

Ingrid Orrock - Sekretaresse - 083 233 6906

Johan Potgieter - Rentmeester - 082 808 0302

Peter Thomas - Sosiale Media en Opleiding - 078 191 1736

Carlos da Silva - Vise - Puntemeester, Algemene bystand weglede - 082 723 6151

Karin van der Mescht - Nuusbrief en Bemarking - 082 921 5561

## Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Bladsy 1 | Voorblad. |
| Bladsy 2 - 3 | Inligtingsblad, inhoudsopgawe, mediaverwysingsblad. |
| Bladsy 4 - 11 | Wenfotos van Januarie 2025. |
| Bladsy 12 | Klubtemas vir die jaar, datums, YouTube opnames van vergaderings. |
| Bladsy 13 | Impala lys. |
| Bladsy 14 | PSSA. |
| Bladsy 15 | Sentraal Gauteng Streekskongres |
| Bladsy 16 -18 | Spogblad - Mediadekking. |
| Bladsy 19 | Uitstappie |
| Bladsy 20 | Fotografie geleenthede |
| Bladsy 21—22 | Verwelkoming van nuwe klublede. |
| Bladsy 23 | Verjaarsdae |
| Bladsy 24 | Opleiding skakels |
| Bladsy 25 | Redaktrise slotsom |


# Inligtingsblad

## Webblad

**https://www.brandpuntfotoklub.co.za/**

## Facebook blaaie

**Brandpuntfotoklub**

https://www.facebook.com/groups/316793805689160

**Brandpunt Fotoklub**

https://www.facebook.com/search/top?q=brandpunt%20fotoklub

**In Fokus Brandpunt**

https://www.facebook.com/groups/758879147534055

**Klik of dubbel klik op die internetskakels orals in die Nuusbrief en dit sal jou direk na die verskeie webblaaie toe neem.**

Van die fotos is van die internet afgetrek. Fo-

## Wie en wat is Brandpunt Fotoklub

Brandpuntfotoklub is hoofsaaklik ‘n Afrikaans sprekende klub gesetel in Alberton, Gauteng.

Oud en jonk, baie ervare en grasgroen nuwelinge vind ‘n plekkie by Brandpunt Fotoklub.

Ons hou twee virtuele klubaande per maand waarvan een vir kamerafotos en een vir selfoonfotos is.

Elke 2de Dinsdag van n maand is dit Kamerafotos, 2 weke later is dit dan Selfoonfotos.

Dit begin stiptelik om18h45. Lede sal ‘n Zoom uitnodiging ontvang in die loop van daardie dag.

Die datums is altyd op die Klubvergaderingsbladsy, bladsy 12, in die Brandpunt Fotoklub Nuusbrief, soos hierdie een.

Omdat die klubaande virtueel op Zoom is, stel dit ons in staat om lede landswyd en wêreldwyd te verwelkom.

Ons het selfs lede so vêr as Swede en Kanada wat ons vergaderings bywoon.

Die enigste voorwaarde is dat die lid, Afrikaans, magtig moet wees.

Dit word sterk aanbeveel dat die lid n verwerkings program soos Photoshop of Lightroom en n goeie rekenaar moet hê.

Dis natuurlik vanselfsprekend dat mens ‘n kamera moet hê wat verskillende verstellings het waarmee jy ‘Aperture’, ISO, ‘Shutter’ ens. kan stel.

Dan moet mens ook ‘n lid van hierdie klub wees.

Die tarief op die oomblik vir 2025 is R500 per jaar. Spotgoedkoop.

Dit werk omtrent R23 per aand uit vir ‘n heerlike sessie wat omtrent 2 ure duur. Dis verby in ‘n oogwink.

Die opleiding, kameraadskap, leiding, idees, aansporing, groei, kompetisies, werkswinkels, uitstappies, raad, nuusbrief, met skakels na klubaande en tutorials ens, jaareindfunkse, om net ‘n paar te noem, kan geld nie koop nie.

Boonop meeste van dit in die gerief van jou eie huis.

Op die inligtingsblad, bladsy 2, is meeste die skakels.

Dit gaan na ons Facebook blaaie wat deur die jare begin was deur verskeie lede met nuusbrokkies en fotos.

Vir verdere inligting besoek ons webwerf by www.brandpuntfotoklub.co.za. SKAKEL Brandpunt Fotoklub

Hierdie webwerf was gebou en word steeds in stand gehou deur ons fotograaf Peter Thomas (Grootmeester Silwer).

Meeste van Brandpunt Fotoklub se fotograwe is deur Peter Thomas geslyp.

Judy Joubert se medalje wenfoto, as ’n voorbeeld, op die voorblad, is juis in Peter se Studio geneem.

**Wenner van Februarie se Kamerafoto - Senior Tema - Voertuie**




**Fotograaf Diane Goncalves - Audi R8**

**Wenner van Februarie se Kamerafoto - Senior  Natuur**



**Fotograaf Sarie du Plessis  - Suikervoëls by Witsand**

**Wenner van  Februarie se Kamerafoto - Senior  Ope**



**Fotograaf Elsa E van Dyk - Pas gebore, wag om droog te word**

## Wenner van  Februarie se Kamerafoto  - Junior Tema  -  Voertuie

## Wenner PSSA  Junior Club Competiton February 2025





**Fotograaf Nico Putter - 1934 Ford**

**Wenner van Februarie se Kamerafoto - Junior Natuur**



**Fotograaf Mari Rossouw - Hapoor**

**Wenner van Februarie se Kamerafoto - Junior Ope**




**Fotograaf Deidre Schnetler - Men on a mission**

**Wenner van Februarie se Selfoonfoto - Tema - Valentyn**



**Fotograaf  Louis Mouton  -  What a night**

## Wenner van  Februarie se Selfoonfoto - Ope - Fotograaf  Deidre Schnetler  - Season change



# KLUBVERGADERINGS 2025

Elke 2de Dinsdag van die maand is dit kamera aand .

Die laaste Dinsdag van die maand is dit selfoon aand.

**Alle opnames op hierdie bladsy is waargeneem en verskaf deur Albertino Goncalves.**

## Klubaand Kamera Fototemas

**Maart - Toegevoegde realiteit**

**April - Watervervoer bv, skepe, bote ens.**

**Mei - Menslike belang. Human interest**

**Junie - Panorama**

**Julie - Makro**

**Augustus– Diere portret**

**September - Stillewe**

**Oktober - Bewegende water**

**November - Liggaamsdeel bv hande**






**Klubaand FEBRUARIE 2025**

Beoordelink van Februarie 2025 Klub Fotos

**Selfoonaand FEBRUARIE 2025**

Igno Van Niekerk







## Selfoon Temas

**Maart - Vetplante**

**April - Refleksie**

**Mei - Landskap**

**Junie - Kosfotografie**

**Julie - Iets vaarvoor jy bang is**

**Augustus - Monochrome**

**September - Double exposure**

**Oktober - Motorfietse**

**November - Wierook/Incense**















### Kamerafotos 4

**11 Maart op ZOOM - 18H45 - NB**

**TEMA - Composites**

**+ 3 KAMERAFOTOS (ope of natuur - kleur of mono )**

***Naskrif……….SLUITINGSDATUM 9 MAART 23h59!!!!!***

### Selfoonfotos 3

**25 Maart op ZOOM - 18H45– NB**

**TEMA - Vetplante**

**+ 2 SELFOONFOTOS (ope)**

***Naskrif….. SLUITINGSDATUM 23 MAART 23h59!!!!!!***

Die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.

# Salon Resultate vanaf PSSA Impala Lys

| Van Springs tot Bethal | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Fotograaf** | **Stergradering** | **Posisie** | **Punte** | **Posisie Beweging** | **Punte Beweging** |
| Peter Thomas | 11 GM silwer | 20 | 92 | -6 | 4 |
| Jan Roos | 5 | 100 | 38 | 4 | 4 |
| Karin van der Mescht | 6 M Brons | 101 | 38 | 14 | 6 |
| Melandie Kleinhans | 6 M Brons | 108 | 37 | -22 | 0 |
| Ingrid Orrock | 3 | 148 | 28 | -2 | 2 |
| Lucia Hewitt | 2 | 165 | 25 | -10 | 1 |
| Sarie du Plessis | 4 | 181 | 22 | -9 | 1 |
| Diane Goncalves | 7 M Silwer | 227 | 17 | -5 | 1 |
| Nick van der Mescht | 6 M Brons | 305 | 12 | 45 | 3 |
| Albertino Goncalves | 6 M Brons | 326 | 10 | -16 | 0 |
| Irene Kok | 3 | 405 | 7 | -17 | 0 |
| Louis Mouton | 4 | 560 | 4 | 234 | 3 |
| Meryna Smith | 2 | 570 | 4 | -25 | 0 |
| Marinda van Heerden | 6 M Brons | 640 | 3 | 43 | 1 |
| Estelle Mouton | 3 | 681 | 2 | 69 | 1 |
| Nico Putter | 3 | 716 | 2 | -28 | 0 |
| Carlos da Silva | 2 | 736 | 1 | 0 | 0 |
| Gemma Anniciello | 2 | 784 | 1 | -30 | 0 |

## Ter verduideliking:

Die data is gemeet vanaf Springs Salon tot en met Bethal Salon. KCC se uitslae is nog nie op die PSSA webwerf nie.

Die posisie kan misleidend wees omdat die aantal deelnemers verskil in elke Salon.

Die data is gesorteer volgens die naaste posisie vanaf posisie 1.

Die punte kan net meer word en wys die fotograaf se bydrae in punte na die Klub se posisie op die Impala Lys asook die individu se persoonlike bydrae.

Groen selle wys positiewe beweging en Rooi selle dui dat posisie weg van eerste plek af gly.

Let op, slegs een aanvaarding kan jou op die lys kry, so skryf gerus in en groei.

Opgetrek en saamgestel deur Nick van der Mescht

# Photographic Society of South Africa (PSSA)

Jy kan direk na die webblad toe gaan met interessante onderwerpe om te ondersoek . As jy nie 'n lid is nie, sal jy sekere skakels nie kan oopmaak nie.

Gaan gereeld na PSSA se webblad en kyk na die goeie fotos en verskeie kompetisies om jou te inspireer.

Ons klub word onderskryf deur die PSSA.

Dit beteken ons klub se werk word gemeet volgens nasionale en internasionale standaarde.

Ons werk onder alle reels wat vasgestel word deur die PSSA.

## PSSA

### Opkomende PSSA Salon Kalender

| | |
|---|---|
| 2025/03/08 | PSSA Salon |
| 2025/03/15 | Bosveld Salon |
| 2025/03/22 | Hillcrest Salon |
| 2025/04/05 | Paarl Salon |
| 2025/04/19 | Magalies Salon |
| 2025/05/03 | SSC Salon |
| 2025/05/17 | PECC Salon |
| 2025/06/07 | Ballito Salon |



**Meer inligting/skakels om na te slaan**

https://www.photovaultonline.com/photovault/help/PhotoVaultOnlineClubAdministratorsHandbook.pdf

https://pssa.co.za/

https://pssa.co.za/pssa-salons/

https://pssa.co.za/diamond-ratings-and-salon-honours/















Die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.

BRANDPUNT FOTOKLUB







Louis Mouton het sowaar nog 2 fotos wat verskyn het in 'n Fotografie tydskrif met die naam ENVYD MAGAZINE.

**SPOGBLAD**

**SPOGBLAD**




Peter Thomas het sommer die voorblad gehaal van die bekende WPG Group Cover magazine.

Finalis PSSA blad Februarie 2025

# SPOGBLAD

Finalis PSSA blad Februarie 2025



Anri Wessels - Brandpuntfotoklub - Meghan aa



Peter Thomas - Brandpuntfotoklub - Girl with pearl

# Finaliste PSSA Februarie

Finalis PSSA  blad Februarie 2025



Brandpuntfotoklub - Elsa E van Dyk - Pas gebore

Finalis PSSA  blad Februarie 2025



Ingrid Orrock - Brandpuntfotoklub - Winters snowy mountains

SPOGBLAD

Finalis PSSA  blad Februarie 2025



Jan Roos - Brandpuntfotoklub - 1946 MG

SPOGBLAD

# UITSTAPPIES



Chinese New Year

Alberton Rugby Klub

Feb 2025





Fotograaf -

Tino  Goncalves






## Fotografie Geleenthede






# NUWE LEDE

## Deidrè Schnetler

Fotografie was nog altyd meer as net om oomblikke vas te vang – dit gaan oor stories vertel, emosies bewaar en die wêreld deur ‘n ander perspektief sien. My avontuur met fotografie het in 2021 begin met net 'n selfoonkamera en 'n groeiende liefde vir hoe lig, teksture en emosies op die regte oomblik vasgevang kan word.

Wat begin het as eenvoudige kiekies, het vinnig in 'n artistiese passie ontaard. Ek het myself aangetrokke gevind tot die stille krag van landskappe, waar groot oop ruimtes diep emosies kon ontlok. Makrofotografie het nog ’n obsessie geword, wat die kleinste besonderhede tot lewe gebring het. ’n Druppel water, die are van ’n blaar, die ingewikkelde patrone op ’n insek se vlerk.



Straatfotografie, aan die ander kant, het my in staat gestel om rou, ongefilterde oomblikke van die lewe te dokumenteer, en stories in 'n oogwink vas te vang.

Maar my grootste passie lê in surrealisme, waar die werklikheid buig, verbeelding oorneem en die gewone in die  buitengewone verander.

Soos my passie gegroei het, het ek natuurlik meer toerusting begin gebruik. Vandag skiet ek met 'n Canon 6D Mark II en probeer ek deurlopend nuwe maniere om my kreatiwiteit te laat vlieg.

Maar fotografie is nie die enigste manier waarop ek myself uitdruk nie – ek hou ook daarvan om naaldwerk te doen, te lees, en digitale karakters te skep, wat alles my verbeelding aanwakker en my werk agter die kamera inspireer.

Ek het na Swede verhuis en was op soek na iets wat my aan my Suid-Afrikaanse wortels kon herinner. Dit het my uiteindelik na Brandpunt gelei, ‘n aanlyn fotografieklub wat my laat voel dat Suid-Afrika steeds deel van my is, al is ek ver van huis. Dit is ‘n plek waar ek kan deel, leer en geïnspireer word deur ander wat dieselfde passie het vir storievertelling deur beelde.

Ek is werklik opgewonde om deel van hierdie wonderlike gemeenskap te wees, en ek kan nie wag om almal beter te leer ken nie – beide deur hul beelde en hul stories. Dankie vir die hartlike verwelkoming!

# NUWE LEDE

## Anri Wessels

My naam is Anri Wessels.

Ek doen al 18 jaar fotografie en geniet elke oomblik. My gunsteling genre is portrette. Ek is huidiglik ook besig om ander areas van my fotografie te verbeter soos voëlfotografie en landskappe.  Fotografie het 'n leefwyse geword en oral waar ek gaan, is my kamerasak oor my skouer gegooi en my kamera om my nek.



Ek is die een wat vroegoggend die sonsopkoms bewonder en die hele dag agter n skoenlapper aan vladder... onder die bossies inkruip en die koppies uitklim, op soek na die beste hoek en voorwerp vir n foto.

<u>My huidige kamera:</u>
Canon R 6"2"
<u>Gunsteling lens</u>
85mm Canon makro en 70 x 200mm



My ander liefde is fietsry. Ek wil die jaar my 17 de Cape Town cycle race ry. Ek geniet veral bergfiets ritte.

Ek het Diane verlede jaar by Swartkop ontmoet.  Haar entoesiasme oor fotografie was aansteeklik.  Sy het my maklik oortuig om by Brandpunt aan te sluit. Ek geniet  die klub se opleidings zoom vergaderings en  mede fotograwe . Maryke, my dogter, neem ook fotos.  Sy het die jaar ook by Brandpunt aangesluit. Dis n voorreg om my passie saam met my dogter te kan deel.



# VERJAARSDAE 2025

Veels geluk aan Monique wat in hierdie maand verjaar. Mag die nuwe jaar 'n geseënde jaar wees. Mag dit gevul wees met geluk, vreugde, wysheid en goeie gesondheid .

**21 Maart** **Monique Colavizza**













Die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.

# TUTORIALS ON COMPOSITES IN PHOTOGRAPHY

https://www.youtube.com/watch?v=lsNCJ0xN7-A

https://www.youtube.com/watch?v=fOgtJH4aGFo

https://www.youtube.com/watch?v=dwIRVlU4n2w

https://www.masterclass.com/articles/composite-image-guide

https://affinityspotlight.com/article/12-tips-for-outstanding-composite-imagery/

https://fotoskool.co.za/invitation?code=7J66DJ







Die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.

'n Voortreflike jaar wag vir ons met 'n skitterende jaarplan opgetrek deur Diane. Ons gegaafde lede het die jaar reeds goed begin met uitstekende resultate met die intrapslag van die nuwe jaar se salon inskrywings. Doen so voort en leer meer. Daar is net so baie om te weet. Ons kan net nooit genoeg daarvan kry nie. Kennis is mag! Hou dit altyd in gedagte!!!





Beste groete.

Redaktrise.

Karin van der Mescht

Die fotos is van die internet afgetrek. Fotograwe onbekend.